## WENTELSNYER REEKS

| Model<br>("+" Sluit Kontrahaak in) | Lemme | Sny-wydte (m) | Sny-hoogte (mm) | Massa (kg) | Trekker (kW) |
|---|---|---|---|---|---|
| **LIGTEDIENS** | | | | | |
| F25/90 Wentelsnyer * | 3 | 0,9 | 10–100 | 165 | 10–25 |
| F25/120 Wentelsnyer * | 4 | 1,2 | 10–100 | 224 | 15–35 |
| **MEDIUMDIENS** | | | | | |
| F40/120 Wentelsnyer + | 4 | 1,2 | 10–100 | 307 | 28–45 |
| F40/150 Wentelsnyer + | 4 | 1,5 | 10–100 | 413 | 35–50 |
| **SWAARDIENS** | | | | | |
| F50/120 Wentelsnyer + | 4 | 1,2 | 10–100 | 314 | 35–60 |
| F50/150 Wentelsnyer + | 2 | 1,5 | 10–140 | 408 | 35–60 |
| F50/150/4 Wentelsnyer + | 4 | 1,5 | 10–140 | 437 | 35–60 |
| F50/180 Wentelsnyer + | 2 | 1,8 | 10–140 | 504 | 40–60 |
| F50/180/4 Wentelsnyer + | 4 | 1,8 | 10–140 | 533 | 40–60 |
| F50/150RG Wentelsnyer + | 4 | 1,5 | 10–140 | 412 | 35–50 |
| F50/180RG Wentelsnyer + | 4 | 1,8 | 10–140 | 508 | 40–60 |
| F60/300 Wentelsnyer | 2 x 2 | 3,0 | 50–350 | 1 153 | 60–90 |
| F60/300T Gesleepte Wentelsnyer | 2 x 2 | 3,0 | 50–350 | 1 153 | 35–90 |
| F60/450 Flexwing Wentelsnyer | 3 x 2 | 4,5 | 50–350 | 2 100 | 50–150 |
| **EKSTRASWAARDIENS** | | | | | |
| F80/150 Wentelsnyer | 2 | 1,5 | 10–100 | 456 | 42–80 |
| F80/150/4 Wentelsnyer | 4 | 1,5 | 10–140 | 486 | 42–80 |
| F80/180 Wentelsnyer | 2 | 1,8 | 10–100 | 513 | 45–80 |
| F80/180/4 Wentelsnyer | 4 | 1,8 | 10–140 | 559 | 45–80 |
| F80/200 Wentelsnyer | 2 | 2,0 | 10–100 | 592 | 48–80 |
| F80/200/4 Wentelsnyer | 4 | 2,0 | 10–140 | 644 | 48–80 |
| * Implement het nie 'n glykopperlaar nie | | | | | |

'n Falcon-wentelsnyer is **gebou om te hou** en is in staat om **die strawwe omstandighede** in Afrika te hanteer.

## WENTELSNYERS

Die Falcon-wentelsnyer is 'n vinnige, doeltreffende en probleemvrye implement. Verskillende modelle met snywydtes van 0,9 tot 3 m is beskikbaar om in 'n verskeidenheid sny- en bossiekapbehoeftes te voorsien. Die beproefde snymeganisme verseker 'n skoon snit in alle toestande. Wentelsnyers moet nie vir hooimaakdoeleindes gebruik word nie.

### LIGTEDIENS

**KLEINER TREKKERS VIR LIGTE GRASSNY- & BOSSIEKAP-TAKE**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
0,9 m | 1,2 m
**TREKKER KRAG**
10 kW - 35 kW



**GEBRUIK:** Alle grassny- en ligte bossiekap-take. Ideaal om in die tuin of 'n kleinhoewe met 'n 10 - 35 kW trekker te sny.

**VOORDELE:**

▪ Elke ligtediens wentelsnyer het 'n verstelbare snyhoogte om die vereiste afwerking te gee, asook veiligheidsflappe agteraan, veiligheidsgordyne en -skerms ▪ Alle Falcon Ligtediens Wentelsnyers is toegerus met toepaslike, kragaftakkeras-skerms en wringkragbeperkende glykoppelaars, reg om te werk ▪ Opsionele vryloop-koppelaars kan verskaf word, indien benodig.

### MEDIUMDIENS

**MEDIUMGROOTTE-TREKKERS EN VIR ALGEMENE BOSSIEKAP- & GRASSNYWERK**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
1,2 m | 1,5 m
**TREKKER KRAG**
28 kW - 50 kW



**GEBRUIK:** Algemene grassny- en bossiekapwerk met die gebruik van 'n 28 - 50 kW trekker.

**VOORDELE:**

▪ Die kontrahaak is standaard op albei modelle, wat snywerk tot teenaan grensheinings toelaat ▪ Alle Falcon Mediumdiens Wentelsnyers is toegerus met toepaslike kragaftakkeras-skerms en wringkragbeperkende glykoppelaars, reg om te werk ▪ Opsionele vryloop-koppelaars kan verskaf word, indien benodig.

### SWAARDIENS

**DIE TOP WENTELSNYER VIR ALLE GRASSNY- & BOSSIEKAPWERK**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
1,2 m | 1,5 m | 1,8 m | 3 m
**TREKKER KRAG**
35 kW - 90 kW



**GEBRUIK:** Die Falcon swaardiens wentelsnyer-reeks word gebruik deur 35 - 90 kW trekkers en is geskik vir alle grassny- en bossiekapwerk.

**VOORDELE:**

▪ Alle modelle is toegerus met 'n standard kontrahaak behalwe die F60/300, wat snywerk tot teenaan grensheinings toelaat ▪ Die RG wentelsnyer is spesifiek ontwerp vir gebruik in boorde en die semigelseepte F60/300 wentelsnyer is ontwerp vir grassny- en bossiekapwerk oor groot gebiede.

### EKSTRASWAARDIENS

**GEBOU OM DIE TAAISTE TOESTANDE TE TAKEL**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
1,5 m | 1,8 m | 2 m
**TREKKER KRAG**
42 kW - 80 kW



**GEBRUIK:** Die ekstraswaardiens wentelsnyer is gebou om die taaiste toestande te takel en is ontwerp vir alle grassny-, bosopruiming- en swaar bossiekapwerk met'n 42 - 80 kW trekker.

**VOORDELE:**

▪ Alle Falcon Ekstraswaardiens Wentelsnyers is toegerus met toepaslike, kragaftakkeras-skerms en wringkragbeperkende glykoppelaars, reg om te werk ▪ Opsionele vryloop-koppelaars kan verskaf word, indien benodig.

## GESPESIALISEERDE SWAARDIENS

Die 3 m wentelsnyer, 3 m semi-gesleepte en 4,5 m Flexwing wentelsnyer is spesiaal ontwerp vir wyer sny areas, terwyl dit steeds taai en duursaam is vir ons unieke Suid-Afrikaanse toestande.

### FLEXWING WENTELSNYER

**SUID-AFRIKA SE GROOTSTE PLAASLIK -VERVAARDIGDE BOSSIEKAPPER**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
4,5 m
**TREKKER KRAG**
50 kW - 150 kW



**VOORDELE:**

▪ Die Falcon F60/450 Flexwing Wentelsnyer is tans Suid-Afrika se grootste plaaslik-vervaardigde wentelsnyer ▪ Hierdie implement is spesifiek ontwerp om die strawwe Suid-Arikaanse toestande die hoof te bied ▪ Met 'n snywydte van 4,5 m, kombineer dit hoë produktiwiteit en duursaamheid met lae instandhoudingskoste.

### GESLEEPTE WENSTELSNYER

**GRASSNY- EN BOSSIEKAPWERK IN GROOT AREAS**

**SNYWYDTE BESKIKBAAR**
3 m
**TREKKER KRAG**
35 kW - 90 kW



**VOORDELE:**

▪ Die semigesleepte F60/300 wentelsnyer is ontwerp vir grassny- en bossiekapwerk oor groot gebiede.

Falcon bied die **grootste reeks wentelsnyers** in snywydtes van 0,9 m tot 4,5 m en is geskik vir trekkers van 10 kw tot 150 kw.